# EDITORIAL



The many events that have taken place (and publications produced) in the Library Service and in particular by the Promotion and Publications Section have contributed to the fact that, although this is the first issue of 2011, it feels as if we have been as busy as the proverbial bee on the magazine for months.

The single biggest event was surely the migration on 1 February 2011 to a new computerised library management system, SLIMS, (powered by Brocade) which cost the Service R5 449 493.00 (page 9). This was followed by the annual Ministerial Cultural Awards ceremony in which Wellington, Rocklands and CJ Langenhoven libraries received awards for outstanding contributions in community involvement, youth services and children's services respectively. More on this in a next issue.

Information brochures and other publications have also seen the light – all of which will be shared with our readers during the course of the next two issues of the **CL**.

A wonderful read on page 12 is the acceptance speech by David Almond on the occasion of his being awarded the Hans Christian Anderson Award at the 32nd Congress of International Board on Books for Young People(IBBY) in Spain, for his outstanding abilities as a children's author.

*Where true love reigns* … a Mills and Boon take on romantic novels for the Black market and Sapphire Press' very successful romance fix for women. Read how it all began on page 16.

We also feature the second and last part in our series on screen icons of the 20th century by Alexander van der Poll. Enjoy the nostalgic trip down memory lane with famous stars such as Elizabeth Taylor, Marilyn Monroe, Marlon Brando and James Dean.

Finally, a word about our cover. With the theme being all things literate, we will be featuring relevant slogans on the covers of the 2011 **Cape Librarians**.

Enjoy!

Te oordeel aan die talle aktiwiteite wat reeds vanjaar in die Diens plaasgevind het en die aantal publikasies wat deur die Reklame- en Publikasie-afdeling geproduseer is (en nog aan die produseer is) voel dit behoorlik asof ons al vir maande aan die woel is.

Die belangrikste gebeurtenis is gewis die oorskakeling na SLIMS, (gedryf deur Brocade) die nuwe gerekenariseerde biblioteekbestuurstelsel wat op 1 Februarie plaasgevind het en wat die Diens die aardige bedrag van R5 449 493.00 uit die sak gejaag het (bladsy 9). Kort daarna was dit die jaarlikse ministeriële toekenningseremonie vir uitstaande diens gelewer. In die geval van biblioteke het Wellington, Rocklands en CJ Langenhoven biblioteke toekennings ontvang vir hul bydraes in gemeenskapsontwikkeling, dienste aan die jeug en kinderdienste onderskeidelik. Meer hieroor in 'n volgende uitgawe.

Talle reklame-items is ook geproduseer wat ons in die volgende twee uitgawes aan lesers sal bekendstel.

Op bladsy 12 verskyn die inspirerende aanvaardingstoespraak deur David Almond vir die Hans Christian Anderson Toekenning tydens die 32e International Board on Books (IBBY) Kongres in Spanje, wat hy vir sy uitstaande skryftalent ontvang het.

*Where true love reigns*… 'n romantiese aanslag geskool op die Mills en Boon-styl, is Sapphire Uitgewers se jongste baba gerig op die Swart vroue-lesersmark. Lees gerus op bladsy 16 hoe dit alles begin het.

Ook in hierdie uitgawe verskyn die tweede en laaste deel van Alexander van der Poll se artikel oor akteurs van die 20ste eeu wat ikoon-status verwerf het. Geniet die nostalgiese rit saam met akteurs soos Elizabeth Taylor, Marilyn Monroe, Marlon Brando en James Dean.

Ten laaste, 'n woordjie oor ons voorblad. Die tema vanjaar is alle dinge literêr en ons gaan op die voorblad van elke uitgawe van 2011 se **Kaapse Bibliotekaris** 'n gepaste slagspreuk publiseer.

Geniet dit!




*Editor • Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

*Sub-Editor • Subredakteur*
Renee Cohen
Tel: (021) 483-2234

*Layout • Bladuitleg*
Olivia Forshaw

*Photography • Fotografie*
David Webber

*Administration and Advertising • Administrasie en Advertensies*
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

*Web site • Webtuiste*
www.capegateway.gov.za/library

*E-mail • E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
gazarlux@pgwc,gov.za
grizell@iafrica.com

*Address • Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

*Indexed in • Geïndekseer in*
LISA (Library and Information Science Abstracts)

*Reproduction and Printing • Reproduksie en Drukwerk*
Amazon Media

*Cover design • Omslagontwerp*
Olivia Forshaw



© Library Service © Biblioteekdiens



SA ISSN 0 008 5790


***Editorial policy***

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

***Redaksionele beleid***

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn tweemaandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.


Department of Cultural Affairs and Sport
Departement van Kultuursake en Sport